





Leonora, is 'n oudskoolmaatjie van my uit ons Jan van Riebeek dae. Haar stukkie in hierdie maand se agteros het my genoop om 'n keersy van die stormwindmunt te wys.

Dit werk so; hierdie plekkie, waar ons teen die berg bokant Onrus bly, het kamermaatjie mos spesifiek kom uitgesoek om my te wys sy sal vir ons ook 'n huis kan kry. Ek het geglo sy sou nie kon nie. Nie met die byna onmoontlike voorwaardes wat ek gestel het nie. Nie in ons prysklas nie.
Ek het gevra vir 'n see- sowel as 'n berguitsig. Toe doen sy dit.


Ou foto- die een links toe ek hom nog sy kop gesnoei het.

Wel, dit was nogal veral in die begin die geval. Tot onlangs toe. Vroeër kon ek nog sorg dat ons see-uitsig behoue bly. Die oord se tuiniers het die boompie links oorkant die straat wat gedreig het om in ons gesigsveld in te groei, gereeld gesnoei.
Totdat my nuwe buurman en die nuwe trustees besluit het ons mag nie meer hulle dierbare boompies versnipper nie. Díe moet en mag nou glo ongetemd groei soos hulle wil.
So het ek toe tot onlangs, amper sowat vyftig present van my kosbare see-uitsig gaandeweg begin verloor. Terwyl ek nog besig was om allerhande onheilige planne te beraam oor hoe om van hierdie boom des aanstoots ontslae te raak, toe kom die onlangse storm tot ons redding.




Die heilige boom staan nog steeds, maar 'n veel groter een, die een reg voor ons, het omgewaai. Skielik is daar nou weer 'n lekker stuk oop see om dop te hou vir skepe en walvisse en sulke goeters. Dinge wat die lewe lekker maak. Die een man se skade bring vir die ander een genade.

ONTDEK SAAM MET MARTIN

ONS MINDER BEKENDE

PERGPASSE



# Tradouw: Die vrouepad.

Die ou mense van Barrydale het altyd gesê ’n mens moet nie ná donker alleen deur Tradouw ry nie.
Nie oor die bobbejane of die skerp draaie nie — maar oor die vrou.

Niemand weet presies wie sy was nie. Party sê sy was ’n Khoi-vrou wat eeue gelede verdwyn het toe sy vuurhout en water deur die kloof gedra het.
Ander glo weer sy was die vrou van ’n veewagter wat in die wintervloede meegesleur is. Maar almal vertel dieselfde storie: ***wanneer die mis laag tussen die kranse hang, stap sy in die pas.***

Bestuurders vertel van ’n vae figuur langs die pad — kaalvoet, met ’n bondel op die rug.
As jy stadiger ry om haar op te laai, is daar niemand. Net mis wat oor die pad rol.

Een wintersnag het ’n poskoetsdrywer met sy lantern om hoog gelig, stilgehou toe hy haar voor die perde sien stap. Sy het nie omgedraai nie, net aangehou loop, dieper die mis in.
Die perde wou egter nie verder gaan nie. Toe die drywer uiteindelik afklim, sien hy iets vreemd: vars vrouespore in die modder... wat skielik ophou teen die rand van die afgrond.

Die volgende oggend was daar geen spoor van ’n liggaam nie.

Sedertdien noem party van die inwoners Tradouwpas nog steeds “die vrouepad”.

En op koue winteraande, wanneer die mis se asem dig tussen die kranse hang, kyk selfs die taaiste plaasboer nie te lank in sy truspieëltjie nie!



# SPREEKWOORDELIKS


## 'Spreuke, Spreekwoorde en Idiome

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Ons maak klaar met die letter K die maand en daar is een of twee oues by:**

**Kromhoutsap: Kromhoutsap gedrink hê** (dronk wees)

'n Verwysing na die wingerdstompe wat allerhande verwronge vorms kan hê.




**Kroon: Die kroon span** (ander oortref; die toppunt bereik)

Amper 1000 jaar gelede in Middelnederlands het crone spannen letterlik beteken om die kroon, wat eintlik 'n lourierkrans was, op die kop vas te bind. Iemand na die kroon steek (Met iemand wedywer): Na aanleiding van die ridderlike steekspel waar jy jou opponent se kroon (krans) met jou lans moes probeer steek en van sy kop haal.

**Kwaad: Die kwaad moet by die kyker gesoek word** ('n mens beskou dikwels iets as verkeerd omdat die fout by jou lê)

Die Afrikaanse weergawe van die Britse leuse (uit Frans) van die Grenadier Guards: Honi soit qui mal y pense. Die legende vertel dat koning Eduard III 'n hofdame se kousband wat per ongeluk afgegly het, opgetel en aan haar besorg het, en toe aan die omstanders gesê het: "Skaam diegene wat kwade gedagtes oor haar het".

**Kwartier: Geen kwartier gee nie** (nie die minste genade betoon nie)

Een van die betekenisse van quarter in Engels is "vrystelling van die dood gegee aan 'n vyand wat bereid is om hom oor te gee". Om geen kwartier te gee nie, is dus om nie die vyand genade te betoon nie.

**Kwint: Vol kwinte (en kwale) wees** (vol grille, klagtes wees)

Die woord kwinte se oorsprong is Frans, quinte, wat "slegte humeur" beteken het. Daardie humeur was nie woede nie, maar een van die vloeistowwe van die liggaam saam met bloed, gal en slym wat die mens se buie beheer het. Die Franse woord self se oorsprong is in Latyn quinta hora), wat beteken het "aanval wat elke vyf uur terugkeer".




Liewe Lesers,
Wanneer die son op n mooi wolkelose dag ons nooi om buite te kuier, is mens altyd lus vir iets anders om te eet! As jul soos ek is, beteken dit egter iets wat maklik is en lekker lyk! Ek hou altyd n pak gevriesde krapstokkies in my vrieskas! Dis goedkoop, lyk altyd heerlik en het my al uit baie ek-weet-nie-wat-om-vandag-te-maak-nie dae gered!
En selfs die manne hou van hierdie Krap slaai !

Neem:

1 groot advokadopeer

1/2 ui

1/2 koppie Miracle whip

1 pakkie crab sticks

Fyn gekerfte sprietuie

Sout en swartpeper na smaak

Sny avo in blokkies en meng liggies deur met die mayonnaise en die res van die bestandele. Geur met sout, peper, suurlemoen en 'n druppeltjie of twee Tobasco.

Haal die plastiek af van die ontdooide krapstokkies en sny elkeen in kwarte. Dompel in kookwater vir n half minuut of roerbraai dit vinnig in vlak olie sonder om dit uitmekaar te laat val. Skep dit bo op n paar slaaiblare en skep die avo-mengsel bo-oor en garneer met 'n skyf suurlemoen en pietersielie.

Hierdie seekosslaai is 'n wenner, dit kan selfs as 'n voorgereg gebruik word. Jy kan ook n 500g pakkie klaargaar garnale bymeng!

Mooi groetes tot volgende keer!

*Retha*




Ek het aan my man gesê noudat ons twee e-bikes het sal hy maar die ouer een moet vat en daarmee ry sodat hy nie vinniger as ek kan ry nie. Die fiets is ingestel om nie vinniger as 25kmpu te ry nie. Ek het saalsakke verlede jaar gekoop om agter my fiets vas te maak endie mense in die dorp wat na Berlyn toe gery het voor ons het vir ons saalsakke geleen.
Ek het nog so 'n waterdigte geel een gekry wat toezip en nog vas kliek. Ek het dit met spesiale rekke vasgemaak bo op my saalsakke. Paul se saalsakke het hy geleen van dieselfde mense. Hy het selfs 'n tent met opblaas matrassies wat jy vir kampering gebruik saamgeneem. Ek het nie 'n slaapsak gevat nie maar 'n binnelaken wat ek op 'n vorige trip in Duitsland gekoop het. 'n heerlike kantoen. Ons het ook 'n survival bag saamgevat waarin twee mense kan klim. Die eerste dag het ons 102km gery. Ek was nie baie happy oor hierdie lang afstand nie, want alhoewel jou bene dit kan vat kan jou sitvlak nie.
Blykbaar het my man sonder my wete 'n plek bespreek waar ons sou kamp. Daar was ook 'n groot meer.
Dit was interessant want ek moes my battery van die fiets laai en soek toe 'n plek waar ek dit kon doen. Daar was toe so 'n saaltjie waar mense iets kon drink en daar is toe so 'n man wat almal help. Ek vra hom toe of ek 'n plek kan kry om die battery te laai en hy wys toe buite is daar 'n plek waar jou fiets kan staan en by elke staan plek is daar twee plugs.
Ek het toe altwee ons batterye daar gaan laai. Die batterye is redelik groot en baie swaar. Ek vra vir die man oh is jy 'n Hollander ja en hy vra vir my en is jy 'n Suid-Afrikaner. Ons het net gelag want ons aksente gee ons weg. By hierdie kampeerplek was daar ook huisies maar ook 'n groot area waar jy op 'n grasperk jou tent kon opslaan. Daar was ook die grootste swembad wat ek nog in my lewe gesien het. As jy om dit stap is dit 800 meter. Ek het nie geswem nie omdat dit nogal koud was.




Ons het 3 keer gekamp en 5 maal in klein hotelle geslaap of 'n kamer in 'n plek gehuur. Ons het meestal bookings.com gebruik. Ons het 'n europese simkaart gehad en dit was dan maklik om op google te kyk wat daar beskikbaar was in die dorp wat vorentoe is. Ons het meer as 200km langs die Rein gery met al sy verskillende kastele. Oral was daar plekke waar jy kon stop en sommer langs die rivier eet of net op 'n bankie sit. Ek het nooit bedreig gevoel nie.
Dit was 'n ongelooflike ervaring.




Januarie 2024 besluit ek, na 2 jaar se angsaanvalle as ek by die badkamer verbystap waar ek Chris op die vloer ontdek het, die badkamer moet nou verander word, want só kan g'n mens lewe nie.

Besluit toe om minstens 3 kwotasies te kry, met alles aangespreek wat gedoen moet word aangedui, sodat ek 'n idee kan kry van wat dit gaan kos. Die eerste ou kom hier aan en praat met bulderende stem en groet die papegaai in die verbygaan. Hy word begroet met 'n "OK baaaai" met die intrapslag. Ons het deur die huis gestap, hy't sy opsomming gemaak van wat gedoen moet word en is hier vort. Kry later die dag 'n handgeskrewe papier met rowwe sketse met die hand getrek (Geoffrey verwys toe sommer na die ou as die "Napkin-dude"!). Vir alles wat gedoen moet word R39k. Jy kan nie eens die materiaal koop vir nuwe wasbak en toilet vir daai bedrag nie - watwo die ander werk wat gedoen moet word... Ek stuur vir Merraai 'n foto van die ou se handskrif vir evaluasie en kry binne minute 'n waarskuwing "Bly weg van die man af!"

Die tweede kontrakteur kom die volgende middag 1 uur hier aan presies volgens afspraak en tyd. Al die nodige gereedskap vir afmetings, notas maak ens. Met die intrapslag wil CJ weet "Wil jy koffie of tee hê?" vanuit sy hok. Hy's seker 'n halfuur later hier weg met 'n paar A4 bladsye vol notas en 'n baie mooi "OK baaai, mooi ry" gegroet.

3 uur dieselfde middag kom nommer 3 hier aan. Die's nog op pad voordeur toe, toe hy gegroet word met 'n baie duidelike "OK baaaai".

Teen die einde van die volgende week het ek al 3 kwotasies terug om te vergelyk. Die eerste een is om die baie duidelike waarskuwing vanuit Mexico, uitgegooi en ook iets wat hy gesê het net voor hy gery het "You won't get a lower quote than mine" Twee dae na die eerste ou se kwotasie, noem Louis (hy is 'n tuindienste ou wat ook ander los werkies van raakvat kan doen) dat die Grant ou so windgat is en bittermin van sy kontrakte voltooi. Hy los glo mense met onvoltooide projekte om die volgende een aan te pak, dan moet jy in elk geval 'n tweede kontrakteur inkry om sy gemors op te fieks. Danksy Merraai en papegaai hom klaar uitgeskop. Die laaste ou het miskien 'n derde van my goed buiten die badkamer verander, aangespreek, en sy OK baaai was baie prominent. Die middelste ou wat soveel tyd spandeer het met sy opgawe van die "to-do-list" het 'n gedetailleerde lys van *alles* gehad. Sy prys was aansienlik hoër as beide van die ander twee, maar hy het alles in aggeneem. Die besluit om hom te kry om die werk te doen, was een van die bestes van my lewe. Ons het al baie laat aanbou in dié huis sedert 1985, en dit was altoos 'n geween en gekners van tande. Ek het opgesien teen die storie, maar het met groot hartseer van die span werkers afskeid geneem na die projek klaar was.


# Dié Maand se Giggels









SOMMIGE DINGE KAN NIE MET DUCT TAPE REGGEMAAK WORD NIE.



# Die Wêreld se uurglas loop leeg!



GENEVE – Die Verenigde Nasies waarsku dat die wêreld besig is om letterlik sy gat in die sand te sien. Volgens 'n nuwe verslag gebruik mense nou sowat 50 miljard ton sand per jaar — baie vinniger as wat Moeder Natuur dit kan voorsien.

Kenners sê die probleem is dat mense nie meer net op strande wil lê nie; hulle bou nou alles van wolkekrabbers tot parkeerterreine met die goed. Oor die volgende 30 jaar gaan die vraag na sand vir geboue met nóg 45% styg. Teen daardie tyd gaan kinders moontlik eendag vra: "Pappa, wat is 'n strand?"

Die VN verduidelik daar is twee soorte sand:
"Lewende" sand wat strande en riviere beskerm, en "dooie" sand wat in beton verander wanneer oom Koos weer 'n braaikamer aanbou.

Om sake te vererger, bagger sommige maatskappye selfs binne beskermde seegebiede vir sand. Dit beteken visse, krappe en skilpaaie begin nou vermoed hulle bly op 'n konstruksieterrein.

Wetenskaplikes waarsku dat ons slimmer met sand moet werk, anders sit Suid-Afrikaners later Kersfees by Muizenberg met plastiekstrandjies uit China.






**Kindertjies sing dikwels sonder dat hulle die vaagste benul het waaroor hulle sing:**

- ‘n Dominee vertel dat sy seuntjie altyd gesing het: "Prys die Heer met blye galme, O my siel daar ruik ek stof."

- Die vrou het eers toe sy groot is agtergekom waarom haar pa voor ete gebid het: "Voete kos 'n sjieling" (Voed ook onse siele).
- "Die Heer is God, erken dat Hy 'n eiervolk vir Hom berei..."
- "Onse Vader wat in die heining woon."
- "Loof Hom met die tromme, loof Hom met die harp, loof Hom met die stukkende sandale."
- By ons in die Kinderkrans was 'n dogtertjie wat baie mooi hard en duidelik gesing het:Loof hom met die tromme, loof Hom met die hark.
- Pleks van "Hy berei vir my 'n vreugdefees" het enetjie met dieselfde dankbaarheid gesing: "Hy berei vir my 'n vrugtefees."
- 'n Afrikaanse kind wat die Onse Vader in Engels moes opsê: "Our Father who shouts from heaven, Hallo what is your name."
- En toe hy kom by "give us this day our daily bread," was sy weergawe: "Give us this day our day in bed."
- In plaas van “Op berge en in dale” sing die seuntjie: “Oom Bêrend dra sandale!”

Ek glo onse Hemelse Vader luister met 'n glimlag van deernis na hierdie liedjies en ook kindergebedjies wat soms snaaks kan wees.

Dis nou te sê as Hy nie hardop lag nie.



# AGTEROS

Net voor uitspantyd




## Storms, bome, tuinmaak en pietersielie by die voordeur..

Vir dae lank na die geweldige storm en vloedskade staan ek nou al op die stoep en bekyk die boom. Terwyl die storm gewoed het, het die boom dreigend naby my en my buurman se huise gewieg. Dis 'n kolossale, windskeef Bloekomboom. Manlief het gewaarsku, "Moenie die boom juis daar waar 'n ander Bloekomboom omgeval het, plant nie. Daar is 'n kalkbank. Die boom gaan ook val." Maar die boom is daar geplant en nou na al die jare moet ek dit laat afsaag. Hierdie storm het my ook weer gewaarsku dat Manlief destyds reg was met sy voorspelling, maar as ek my gedagtes laat gaan na toe ons pasgetroud, huis opgesit en begin tuinmaak het, dan klink dit so...

Vir baie jare was Klara en Nel my getroue helpers in en om die huis. Eers net Klara om my woonstel twee keer 'n week bietjie reg te ruk, maar toe ek trou en behoorlik huis opsit, het Klara besluit die Mevrou gaan nie die paal haal nie.Veral nie as die pad na 'n man se hart deur sy maag is nie en sy het voltyds ingeval as huishoudster. Later het Nel, Klara se man ook bygekom, want die Meneer het nie veel beter in die tuin gevaar as die Mevrou in die kombuis nie. Aanvanklik het dit maar gelol, want Mevrou het baie idees oor haar tuin se uitleg gehad. Idees wat gladnie met Meneer of Nel se manier van tuimaak ooreengestem het nie. Meneer het hom ook gou uit die voete gemaak toe hy agtergekom het Mevrou se idee van mannekrag is net om swaar rotse en potte vol grond rond te skuif en weer te verskuif...

Na Meneer se muitery, het hy die trekpas by Mevrou gekry. Sy en Nel se penne en toue wat reguit lyne en vierkantige blombeddings afgebaken het, is uitgepluk. Die tuinslang is toe gebruik om krulle en kinkels om die blombeddings, soos Mevrou dit wou hê, uit te lê. Nel se opmerking dat die grassnyer liewer reguit wil loop, het ook op dowe ore geval. Oor die pietersielie wat vlakvoor die voordeur geplant is, praat ons liewer nie. As die Mevrou dink dis madeliefie plantjies, nou wie is Nel dan om te stry.



So het my tuin tot stand gekom en al die jare gedy onder Nel se knap hand. Maar nou het Klara en Nel ook by hulle kinders op 'n ander dorp ingetrek.

En die Mevrou ? Sy sny nou maar self die grasperk se kurwes draai, draai met die grassnyer wat liewer reguit wil loop.

Groete, Leonora.

Riepa Antwoord: „In die pad val!"